

12 Februarie

Skrifgedeelte: Jeremia 2

Fokusgedeelte: Jeremia 2:17-22

Getrouheid verseker vrugte wat by die bekering pas

Ons staan nog aan die begin van die regeringstyd van koning Josia. Hy erf die gruwels van afgodery wat Agas en Manassa agtergelaat het en hy erf 'n volk wat hulle aan ernstige dwalings en afgodery skuldig maak. God het by monde van Jeremia met sy volk getwis. In ons fokusgedeelte wys die Here die volk daarop dat Hy hulle as veredelde wingerdstokke uit Egipte, die land van slawerny, gebring en in die land van melk en heuning kom plant het. Enige landbouer – en so ook die Here – het edel vrugte van sy volk verwag, maar dit het wilde lote met wilde vrugte opgelewer. Ook ons is uit die land van die slawerny van sonde gelei en deur die soenverdienste van Christus aan die kruis veredel tot edele lote wat ingeplant is, op die ware wynstok Jesus Christus. Die vrugte wat die Here van ons verwag is die wat by die ware bekering pas – vrugte wat getuig dat ons lote van die ware wynstok is en nie lote van 'n vreemde wingerdstok nie. Die troos is dat, solank ons deur die geloof aan die ware wynstok Jesus Christus geheg bly, ons nie wilde vrugte sal dra nie.

Sing: Psalm 80:5

Ds DL de Beer (Emeritus)